# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 22 JANUARIE 2023

**Oggenddiens** om 09:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Potgieter (4,1)

**Familiediens** om 09:00 in die kleinsaal en aanlyn | Ds. Visser (7,8)

**Meditatiewe diens** om 09:00 in die kapel en aanlyn | Ds. Dietmann

**Aanddiens** om 18:00 in die kapel en aanlyn | Ds. Schoombie

## KATEGESE 2023

**22 Januarie**

- **Kleuterkerk:** 09:00 tot 09:45 in die grootsaal.
- **Voorskools tot graad 7:** Registrasie na oggenddienste - ou kafeteria.
- **Graad 1's:** Word uitgenooi na 'n spesiale geleentheid tydens die familiediens waar hulle elkeen 'n Bybel sal ontvang.

Ouers en kinders wat reeds aanlyn geregistreer het, moet asb. steeds Sondag die belangrike inligtingsessie oor die jaar se bedrywighede bywoon. Daar is ook 'n lekker bederf vir die laerskoolkinders.

- **Graad 8 tot 11:** Registrasie na die aanddiens.

**29 Januarie**

- **Blokdiens vir kleuters en ouers**: 09:00 in die grootsaal.
- **Oriënteringsdag:** Alle laerskoolouers word uitgenooi om na afloop van die oggenddienste in die kleinsaal bymekaar te kom. Kinders geniet 'n kenmekaar en pretdag buite.
- **Belydenisinligtingsaand:** Na die aanddiens vir ouers en graad 12's.
- **Annibrand Senior:** Kleingroepe begin.

## WEEK VAN GEBED | 6 TOT 8 FEBRUARIE

Sluit by ons week van gebed vanaf 6 tot 8 Februarie om 19:00 in die kerk aan. Prediker: dr. Jannie le Roux. Tema: 'n Tyd vir wonderwerke.

## NUWE INTREKKERS

Ons wil graag alle nuwe lidmate wat by die gemeente aansluit, persoonlik verwelkom. Stuur asseblief 'n e-pos aan anneke@stellenberg.co.za om ons in kennis te stel dat jy by die gemeente aansluit, of voltooi die nuwe-intrekkervorm op die webwerf, of skakel die kerkkantoor by 021 976 4519.

### KONTAK ONS

021 976 4519

WhatsApp 081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### DEUROFFER

**Ruyterwacht Senior Sentrum.** Die sentrum bedien senior burgers in Ruyterwacht. Mediese dienste, ontspanningsaktiwiteite en maaltye word weekliks aan minderbevoorregte seniors by dié sentrum aangebied.

## MET LEEDWESE


Ons neem afskeid van die volgende lidmate:

Martha Helena Johanna (Martie) Cruywagen (22/09/1943 - 10/01/2023). Sy was sedert 2011 'n lidmaat van die gemeente. Gedenkdiensreëlings is nog onbekend.

Christoffel (Chris) Lombard ( 12/02/1936 - 10/12/2022). Chris was sedert 2017 'n lidmaat van die gemeente.

## TIENDEMAANDINSAMELING

Ons is baie dankbaar teenoor elke lidmaat wat tot die tiendemaandinsameling bygedra het. Lidmate het tot einde Februarie 2023 geleentheid om 'n bydrae te maak. Dankofferkoeverte kan in die kollektebord, of in die kluis in die voorportaal van die kerk, of in die posbus by die kerkkantoor geplaas word. Sien ook bladsy 3 vir bankbesonderhede en die SnapScan-kode.




Teen einde Desember was 'n bedrag van **R1 188 674** ingesamel. Ons benodig nog slegs R111 326 om die mikpunt van R1 300 000 te bereik.

**TAFELGESPREKKE VIR FAMILIES** | Sien weekliks op www.stellenberg.co.za

**Speel saam:** Almal moet, sonder die hulp van 'n selfoon, vasstel waar noord, oos, suid en wes is. Bepaal nou ook in watter rigting is die skool, kerk, ens.

**Lees saam:** Matteus 2:13-23.

**Gesels saam:** God beveel Josef en sy gesin om na Egipte te vlug omdat Herodes al die seuntjies onder twee jaar wil laat doodmaak.

- Hoe sou jy voel as julle huisgesin uit vrees vir julle lewens na 'n ander land moes vlug?

Met hulle terugkeer uit Egipte gaan woon Josef en sy gesin in 'n klein dorpie, Nasaret, en nie in die belangrike provinsie van Judea nie.

- Vertel vir mekaar wanneer die lewe julle al op onverwagte paaie geneem het en hoe God by julle was.

### EDELWEISS HUISDIENS

Sondag 29 Jan. 18:00

Eks. 33: Here, as U nie saamgaan nie, kan ons nie van hier af verder aangaan nie!

BYBELSTUDIE

Hervat op Donderdag 2 Februarie 2023.

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue kom elke Maandag om 10:00 (slegs tydens skoolkwartale) in die ou kafeteria-area byeen. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.

### BREIGROEP

Die breiers ontmoet op Maandag 6 Feb. om 09:30 in die kafeteria. Nuwe lede is baie welkom. Bring jou breiwerk saam.

## WITOLIFANTTAFEL | BASAAR

Begin die jaar met nuwe energie deur ontslae te raak van al die artikels in jou huis wat in onbruik verval het. Alle huisware, boeke, gereedskap, fiksheidsapparate, ens. kan aan die basaar se witolifanttafel geskenk word. Bydraes kan weeksdae tussen 08:00 en 14:00 by die kerkkantoor afgegee word.

## KOSPROJEKINSAMELING

Gee asseblief bydraes van niebederfbare kosprodukte voor Dinsdag 31 Januarie by die kerkkantoor af. Finansiële bydraes kan ook tot die kosprojek gemaak word. Elektroniese inbetalings kan na die gemeente se tjekrekening gemaak word, gebruik KOSPROJEK as verwysing.

## HELPERS WORD BENODIG

Ons het vrywillige helpers by die volgende bedienings nodig:

- Teeskinkers wat sporadies op Sondae na die oggenddiens by die teetuin kan diens doen.
- Kokke wat op Donderdagoggende met die voorbereiding van etes vir Magdalenahuis in Bellville kan help.
- Eredienswerkers wat op Sondae by die onderskeie dienste behulpsaam kan wees.

Kontak gerus vir Charlotte by 021 976 4519 / charlotte@stellenberg.co.za indien jy hulp kan aanbied.

## FINANSIËLE BYDRAES

**EFT-betaling**

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

**Kontantbydraes**

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

**SnapScan**

### ASEMSKEP-GEBEDSGROEP

Elke Dinsdagaand om 18:30 in die kapel, tydens die skoolkwartaal. Enige iemand is welkom, sluit gerus by ons aan.

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute asook 'n besigheids- en lewensafrigter se dienste is ook beskikbaar. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 4519 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na therapy@ stellenberg.co.za.

Na-ure skakel 083 519 0602.

## VATVYF-BYEENKOMS

Ons nooi almal na 'n gesellige kenmekaar en vrugtefees op Woensdag 15 Februarie om 10:00 in die markplein. Toegang is gratis. Geen besprekings is vir dié byeenkoms nodig nie.

15 Maart: Praatjie oor gidshonde (gratis).

19 April: Uitstappie na !Khwa ttu Natuurreservaat

## GRAAD 4-TOT-7-KAMP

Ons nooi alle graad 4's tot 7's na 'n kamp vol pret en opwinding wat vanaf 3 tot 5 Februarie by die Apostelbattery-kampterrein aangebied word.

Kamptema: NUUT – begin jou jaar met nuwe hoogtepunte.

Inskrywings: www.stellenberg.co.za

Navrae: Brenda Visser, brenda@stellenberg.co.za/021 976 4519.

Skandeer enige van die QR-kodes hier onder om by die WhatsApp-groep van jou keuse aan te sluit.

**Bulletin en aanlyn oggenddiens**

**Daaglikse dagstukke**

**Nuus en groepe vir jongvolwassens en studente**

**Tafelgesprekke vir families**

**Annibrand Junior Laerskool-kategesegroepe**

**Annibrand Senior Hoërskool-kategesegroepe**